



## Tightlybound (Tienerbediening)

Dit is vir ons as leraars en jeugmentors 'n voorreg om julle kind vanjaar by **TIGHTLYBOUND** te verwelkom.

Hierdie jaar gaan ons by NG Montana se Tightlybound saam groei in geloof deur middel van kleingroep lesse, 'n preek en lofprysing. Daar sal ook kreatiewe groei geleenthede wees dmv kampe en uitreike.

Ons akkommodeer ook kinders wat net alternatiewe Sondae by Tightly Bound kan wees as gevolg van reëlings tussen ouers.

Probeer om ten spyte van besige programme jou kind se geloof te prioritiseer, want die navorsing deur die sielkundige span onder leiding van Dr Lisa Miller wys die volgende:

- ✓ Dat geloofsvorming en om 'n nabye verhouding met die Here te hê **60% minder geneig sal wees om depressief** te wees as tiener en as die geloofsband sterk gevorm word in hierdie jare, dat dit sal volhou in volwassenheid in en 'n lewenslange lewenskragtigheid vir seker.
- ✓ **40% minder geneig is om substansie te misbruik.**
- ✓ **80% minder geneig is om riskante en destruktiewe gedrag te hê.**
- ✓ Dit maak ook jou brein **wakker** en ondersteun 'n mens se algehele gesondheid fisies, emosioneel en denkend.

### Tightlybound Sondae se program lyk soos volg:

- 17:00pm tot 18:30pm woon tieners 13 jaar tot 17 jaar die dienste en kleingroepe by.

### Inskrywingsondag:

- ✓ Kom skryf jou Tiener in vir Tightlybound Sondag 19 Januarie tydens die oggend erediens 10:00 in die saal.
- ✓ Ons moedig julle egter aan om vooraf elektronies op ons webblad te registreer.
- ✓ Betaal R100 registrasies fooi kontant of via EFT. Fooi word gebruik vir die aankoop van lesmateriaal, en ekstra benodighede vir die dienste.
- ✓ "It takes a village to raise a child" – bel ons as ons kan help met enige iets van julle dag tot dag bekommernisse.

***Mag dit 'n besondere geseënde jaar vir julle huis wees! Maak God se Naam groot en die lewe vir mekaar makliker!***

**Ons verwelkom ook vir Karla Smit wie haar Praktiese jaar by NG Montana in 2025 doen en leiding neem by Tightlybound.**

Ds Carli Fourie 074 137 7971 Karla Smit 076 201 6646	Kayla Vorster <b>Hoofmentor</b> <b>Tightlybound</b> 083 288 9793	Annatjie Coetzer <b>Jeug en Gesin</b> 072 275 8438
---	---	--